INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP NOVEMBER 2009
VRAESTEL 2

Vraag 1

Taamlik goed beantwoord, alhoewel sekere sentrums swak gevaar het weens kandidate se leesprobleme.

Vraag 2

In die algemeen swak beantwoord. Baie min kandidate het goeie punte behaal. 'n Deel van die vraag was baie maklik en 40% van die punte is toegeken vir die oorteken van 'n skets en sirkelverdeling.

Vraag 3

In die algemeen is hierdie vraag taamlik goed beantwoord. Dit wou voorkom asof kandidate baie van hierdie soort tekeninge gedurende hulle skoolloopbane geteken het.

Vraag 4

Hierdie vraag het moeilik gelyk. Kandidate moes ‘n verskeidenheid van onderdele saamstel en diegene wat die onderdele akkuraat kon kopieer en saamstel het baie goed gevaar. Die swakker kandidate het krediet gekry vir elke deel wat hulle korrek oorgedra het. Dit stelsel van “merk met fout” is toegepas en kandidate is slegs met ½ punt vir elke fout gepenaliseer. ‘n Fout wat ander dele beïnvloed het, is slegs met ½ punt gepenaliseer en die kandidaat het dan die res van die punte behaal.

Sommige kandidate was nie in staat om die vraestel binne die toegelate tyd te voltooi nie.